Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2024-05-10

Liewe Ouers

TOELATINGS 2025
Aansoek om toelating vir gr. RR vir 2025 is steeds oop. Vorms is by die skool beskikbaar. Slegs aansoeke met die vereiste dokumentasie sal ingeneem word.
Huidige graad RR-kleuters se aanlyn-aansoeke vir gr. R open op 1 Augustus 2024.

KLEIN LOCHIELAND "FLEECY TOPS"
Ons verkoop hierdie jaar donkerblou "fleecy tops" vir die kleuters met die Klein Lochieland logo op teen R250-00 per "top". Ons het slegs 'n beperkte voorraad bestel en daar sal slegs van die volgende groottes beskikbaar wees:
4-5 jariges
5-6 jariges en
7-8 jariges
Ons wag nog vir die voorbeelde om aan te pas. Indien u belangstel stuur die kontant in 'n koevert skool toe, met die grootte en u kleuter se naam voorop, asb.

GRAAD R-INLIGTING:

INSTAPPIE: BOEK BUDDIES
Ons herinner ouers aan die R40 instappiegeld wat betaal moet word vir "Boek Buddies"!

Ons tema vir volgende week is: **DINOSOURUSSE**

Ons persepsies gaan wees: Getal: **6 en sesde**
Klank: **b-klankie**

Sondag	12 Mei:	**GELUKKIGE MOEDERSDAG aan al ons ma's en oumas!**
Maandag	13 Mei:	***Bring 'n uitgeknipte prentjie van 'n b-klankie, asb.***
Dinsdag	14 Mei:	Ons leer van die verskillende dinosourusse
Woensdag	15 Mei:	Teken jou eie dinosourus
Donderdag	16 Mei:	Maak 'n dinosourus van papierborde
Vrydag	17 Mei:	Onthou skoolhempies en lekkertjiedag

GRAAD RR-INLIGTING:

UITSTAPPIE: 17 MEI na EXOTIC ANIMAL WORLD

Baie dankie aan al die ouers wat reeds die R160-00 uitstappiegeld betaal het! Die bus na Exotic Animal World vertrek stiptelik om 07:30. Alle kleuters moet asb. **07:15 REEDS** by die skool wees. Kleuters dra hul Klein Lochieland skoolhempies en toe skoene. Stuur ook ‘n warm baadjie saam. Pak asb. u kleuter se kos in ‘n weggooibare houer of sak. Ons sal weer 12:00 terug by die skool wees.

Ons tema vir volgende week is: **REPTIELE**

Ons persepsies is:

Kleur: **Pienk**
Vorm: **Ruit**
Getal: **8**
Klank: **p-klankie**

Sondag	12 Mei:	**GELUKKIGE MOEDERSDAG aan al ons ma’s en oumas!**
Maandag	13 Mei:	Ons maak ‘n skilpad
Dinsdag	14 Mei:	***Laaste dag vir uitstappiegelde, asb!***
Woensdag	15 Mei:	Ons maak ‘n slang
Donderdag	16 Mei:	Ons teken reptiele
Vrydag	17 Mei:	***UITSTAPPIE: Kleuters moet 07:15 by die skool WEES! Onthou skoolhempies en kospakkie, asb.***

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel